Genealogiese Instituut van SA
NUUSBRIEF
Desember 2011

GISA

Genealogical Institute of SA
NEWS LETTER
December 2011

Banghoekweg 118, Stellenbosch 7600 Tel: 021 887 5070 - 118 Banghoek Ave., Stellenbosch 7600 Tel: 021 8875070

Leon Endemann tree uit

Mnr Leon Endemann, Hoofnavorser van GISA, tree op 30 Nov. 2011 uit na 13⅔ jaar diens. By 'n vergadering van die Beheerkomitee van GISA, gehou op 25 Nov., het die voorsitter, mnr Ritz de la Bat, hulde gebring aan Leon vir die bekwame wyse waarop hy GISA sedert sy ontstaan bestuur het. Onder sy leiding is die SAG reeks van 17 volumes voltooi, en 'n begin gemaak met die hersiening van SAG volumes 1 tot 4 (oorspronklik uitgegee deur die RGN) onder die nuwe naam SAF. Hy en sy eggenote Elbie, wat ook by GISA as genealogiese navorser betrokke was, tree af by hul huis op De Kelders.

Nicol Geldenhuys, Elbie & Leon Endemann, Ritzema de la Bat

Mr Leon Endemann, Head of Research, is retiring from GISA on Nov. 30th after 13⅔ years. During his term of office the 17 volume SAG series was completed, and a start was made with revisioning the first 4 volumes under the name SAF. He and his wife Elbie will retire to their house in De Kelders.

Ritzema de la Bat vereer

Mnr Ritzema de la Bat (foto bo, regs), voorsitter van die Beheerraad van GISA sedert die stigting daarvan, is deur die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch by sy jaarvergadering op 10 November vereer vir buitengewone gemeenskaps-dienslewering. Dié besondere eerbetoon word by geleentheid gemaak aan 'n oudstudent van dié universiteit wat oor 'n lang tydperk gemeenskapsdiens buite sy/haar werkterrein gelewer het. Mnr De la Bat is vereer vir sy betrokkenheid by die stigting van GISA en dienslewering aan die breë genealogiese gemeenskap (hy is die skrywer van die genealogieë van vier SA families), sowel as vir sy betrokkenheid by die Nasionale Instituut vir Dowes in Worcester. Ons gelukwense gaan aan hom vir hierdie ereknning deur sy *alma mater*.

Mr Ritzema de la Bat (photo above, far right) was honoured by die Convocation of Stellenbosch University at its annual general meeting on Nov. 10th for exceptional community service over a long period. He received the award for community service to the genealogical community, including the establishment of GISA and as publisher of four genealogies of SA familes, as well as for his involvement with the National Institute for the Blind in Worcester. We congratulate him with this distinction.

Operational Manager: Nicol Geldenhuys

The position of Chief Researcher at GISA, as well as the position vacated by the retirement of Ms Elbie Endemann, will not be filled at this stage. Mr Nicol Geldenhuys was appointed as Operational Manager on a ⅝ day basis, whilst Ms Pauletta Joubert will man the Institute's offices and archive on a daily weekday basis.

Die pos van Hoofnavorser van GISA, sowel as die navorsingspos wat vakant kom agv die aftrede van Me Elbie Endemann, sal as interim-maatreël voorlopig nie gevul word nie. Mnr Nicol Geldenhuys is aangestel as Bedryfsbestuurder van GISA. Me Pauletta Joubert sal die instituut se kantore en argief op 'n daaglikse basis gedurende weeksdae beman.

SAF reeks vorder fluks

Die SAG reeks van 17 volumes dek die vanne A tot Z, en is in 2008 voltooi. Dit omvat genealogieë tot ongeveer die middel van die 19de/begin van die 20ste eeu.
Na voltooiing van die SAG reeks is begin gemaak met die hersiening van die reeks, en bepaald die eerste vier volumes (vanne A tot K) tot ongeveer 1920, en wat nou beskikbaar gestel word in kompakskyfformaat.
Dertien kompakskywe vir die vanne van A tot en met G is nou beskikbaar. Dit word as 'n stel beskikbaar gestel teen die spesiale prys van R2900-00, terwyl enkel CD's R290-00 kos.

	Ou SAG		Nuwe SAF		%
	van -ne	lyne	van -ne	lyne	Toe-name
SAF CD v1 – A	398	11295	398	21133	87%
SAF CD v2 – Ba – Bei	194	9145	225	35354	286%
SAF CD v3 – Bek- Bop	311	11971	339	38287	219%
SAF CD v4 – Bor – Brin	163	10137	168	39824	292%
SAF CD v5 – Bris – By	188	8160	218	36882	351%
SAF CD v6 – Ca – Coert	243	8333	251	25859	210%
SAF CD v7 – Coet – Cy	225	9546	238	36777	285%
SAF CD v8 – D	429	5034	458	32298	541%
SAF CD v9 – E	369	11452	378	28356	147%
SAF CD v10 – Fa – Fouc	244	13857	259	24850	79%
SAF CD v11 – Foug – Fy	135	7057	139	20304	187%
SAF CD v12 – Ga – Gren	198	11274	401	27791	146%
SAF CD v13 – Gres – Gy	102	6022	147	25348	320%
Totaal		123283		393063	218%

Die H, I en K gedeelte sal teen die einde van Januarie 2012 beskikbaar wees.

NEW SAF SERIES

The first 13 CD's of the new SAF series covers surnames A-G and extends the old SAG series until approx. 1920. Details of the available CD's and the increase in data over the old SAG series is given above. The set of 13 costs R2900 (with individual CD's available at R290 each).